Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/
# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2020

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

**NOTA VIR NASIENERS:**

- Hou streng by hierdie nasienriglyne wanneer nagesien word.
- Die standaardiseringsproses tydens nasienriglynbesprekings verseker dat die nasienriglyne die meeste moontlike antwoorde deur kandidate dek.
- Elke nasiener moet dit op konsekwente wyse toepas. Die nasienriglyne mag onder geen omstandighede verander word nie.
- In sommige kwalitatiewe vrae moet jy jou professionele en ingeligte oordeel uitoefen.

**Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-beamptes/-adviseurs nagesien word aangesien dit spesialiskennis vereis.**

- By sommige vrae het kandidate 'n keuse. Indien kandidate albei vrae beantwoord het, sien slegs die EERSTE vraag na. Trek 'n streep deur die vraag wat nie nagesien word nie.
- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie in die handboek verskyn nie. Professionele oordeel moet gebruik word. Indien daar onsekerheid is oor die inligting moet dit eers d.m.v. navorsing geverifieer word.
- Hoë, medium of lae kognitiewe vlakke wat in elke antwoord verwag word, word bo elke moontlike antwoord gegee. Hou streng by hierdie vlakke wanneer nasien. Die beskrywende werkwoord/opdragwoord in elke vraag en die taalvereistes moet die toeken van punte bepaal.
- **Nasieners moet die hele vraag nasien en daarna moet die vraag geevalueer word om seker te maak dat die vraag die ware standaard van die kandidaat se antwoord weerspieël**
- Nasieners moet NIE volpunte vir 'n antwoord wat oppervlakkig en ontoereikend is, toeken NIE, of waar al die vereistes op 'n sekere moeilikheidsvlak nie nagekom is nie.
- Wees op die uitkyk vir wat die kandidaat weet, en nie vir wat hy/sy nie weet nie.
- Ken EEN regmerkie toe vir EEN punt vir die inhoud gegee tot by die maksimum punte.
- **Geen ½ punte mag toegeken word vir HOË vlak vrae nie.**



ÉcoleBooks
DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**

**VRAAG 1: OPWARMING EN AFKOELING – VERPLIGTEND**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **1.1** | **Identifiseer** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **1.2** | **Analiseer** | **5 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE VIR IDENTIFISEER:**

1.1 **Afkoelingsroetine**:

- Dit laat jou harttempo na normaal terugkeer
- Dit laat jou bloedvloei na normaal terugkeer
- Dit laat jou suurstof inname na normaal terugkeer.
- Verminder die liggaamstemperatuur.
- Kalmeer die gedagtes
- Om na te dink oor die uitvoering/wat geleer was.
- Verhoed dat bloed in die bene opdam.
- Verwyder afvalprodukte uit die spiere.
- Verhoed lighoofdigheid
- Verhoed Floute
- Verhoed Krampe
- Verhoed styfheid
- Voorkom beserings
- Word blootgestel aan ontspanningstegnieke.
- Sodat stadige, beheersde strekke gedoen kan word om soepelheid te verbeter
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met die redes vir 'n afkoelroetine. (5)

EcoleBooks

1.2 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR ANALISEER:**

**Dinamiese opwarmingsroetine:**

**NOTE: Antwoorde kan die voordele van opwarming of dinamiese strekking insluit. Antwoorde moet gemotiveer word.**

- Bestaan uit ononderbroke beweging wat die hitte in jou liggaam en spiere konstant hou.
- Berei die gewrigte voor deur die vrylating van sinoviale vloeistof, vanuit die sinoviale membraan tot in die gewrigte, wat hulle smeer/olie en wrywing voorkom.
- Verbeter koördinasie van liggaamsdele en die danser kan fokus op die manier waarop hulle hul liggaam hou en postuur en belyning verbeter.
- Stimuleer die motoriese senuwee wat met jou spiere verbind is, dus vermeerder die elastisiteit van die spiere en raak hulle meer soepel/kan vrylik beweeg.
- Kan vir 'n spesifieke dansvorm aangepas word om gedeeltes van die liggaam in te sluit wat spesifiek in die dansvorm gebruik word.
- Spaar tyd en stel 'n danser in staat om meer aandag te skenk aan vaardighede in die dansklas.
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met die voordele van 'n dinamiese opwarmingsroetine.

(5)
**[10]**

**LET WEL: Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3.**
**Sien slegs die EERSTE vraag na as albei vrae beantwoord word.**

**VRAAG 2: DANSOPVOERING – KEUSE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **2.1** | **Noem** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **2.2** | **Analiseer** | **5 punte** |

2.1 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR NOEM:**
**Enige VYF van die volgende dansvaardighede/kwaliteite kan ingesluit word:**
**NOTA: verwys na 2.2 indien daar onduidelikheid is oor antwoorde wat in 2.1 verskaf is. Merk die hele vraag holisties.**

- Komponente van fiksheid (1 punt) gee 1 punt vir elke komponent van fiksheid wat genoem word.
- Liggaamshouding en-belyning en
- Selfvertroue
- Gesigsuitdrukings
- Toewyding aan beweging.
- Toewyding aan ander/die uitvoering.
- Leierseienskappe
- Musikaliteit
- Fokus
- Projeksie
- Vloeiendheid
- Dinamiese variasie
- Toegewydheid
- Kunssinnigheid/interpretasie
- Vlotheid
- Frasering
- Kontrole
- Akkuraatheid
- Tydsberekening
- Enige ander geskikte dansvaardighede/kwaliteite/verhoogkonvensies. (5)

2.2 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR ANALISEER:**
**LET WEL: Geen punte moet toegeken word as 'n definisie van 'n dansvaardigheid/kwaliteit verskaf word nie. Kandidate moet ontleed hoe dit hul dansoptrede verbeter.**
**Hieronder is voorbeelde van VYF dansvaardighede/kwaliteite:**
**Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.**

**Musikaliteit:**
- Verbeter opvoering deur die interpretasie van die dinamiek/kwaliteit/toon-kleur/timbre van elke instrument binne die musiek/spoed van die musiek.

**Fokus:**
- Die danser se fokus kan die gehoor se aandag trek na 'n spesifieke beweging/bewegings idee/oomblik in die dans.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**Projeksie:**

- 'n Danser sal in staat wees om met meer duidelikheid die boodskap/ karakters van die choreograaf weer te gee/uit te beeld/die bedoeling oor te dra.

**Vloeiendheid:**

- Verbeter die oorgang van beweging/bewegings idees wat 'n gevoel van moeiteloosheid skep.

**Dinamiese variasie/energie:**

- Energie verbeter die opvoering deur die kwaliteit van die beweging meer interessant en gevarieerd te maak, bv. skerp bewegings in 'n stadige dans kan vir die gehoor opwindend wees.

Enige ander geskikte antwoord wat verwant hou met dansvaardighede/ kwaliteite/verhoogkonvensies en hoe dit 'n danser se opvoering verbeter. (5)
**[10]**

**OF**

ÉcoleBooks

**VRAAG 3: SPIERE EN ANATOMIESE AKSIES – KEUSE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **3.1 of 3.2** | **Identifiseer** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **3.1 of 3.2** | **Analiseer** | **5 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

**LET WEL: Kandidate moet kies tussen Danser A OF Danser B.**
**Vraag 3.1 verwys na Danser A.**
**Vraag 3.2 verwys na Danser B.**
**Kandidate se antwoord moet slegs oor EEN danser wees. Indien albei beantwoord word, moet slegs die eerste antwoord nagesien word.**

3.1 **Danser A:**

**LET WEL: Kandidate mag meer insluit in een area as die ander. Albei areas moet ingesluit word om vol punte te kry.**

**Kandidate moet identifiseer of hulle antwoord oor die anterior of posterior spier/skapula. Moontlike spiere geïdentifiseer vir die posisie van die romp/bolyf:**

**Eksterne obliques is verantwoordelik vir:**
- Laterale fleksie van die werwelkolom
- Rotasie van die werwelkolom

**Interne obliques is verantwoordelik vir:**
- Laterale fleksie van die werwelkolom
- Rotasie van die werwelkolom

**Erector spinae:**
- Laterale fleksie van die werwelkolom

**Rectus abdominis:**
- Fleksie van die werwelkolom
- Laterale fleksie van die werwelkolom

**Quadratus lumborum:**
- Laterale fleksie van die werwelkolom

**Transversus abdominis:**
- Trek die buik in

**Kandidate moet identifiseer of hulle antwoord oor die regter- of linkerarm of beide. Moontlike spiere geïdentifiseer vir die posisie van die skouergewrig:**

**Trapesius:**
- Retraksie van die scapula
- Depressie van die scapula
- Stabilisering van die scapula


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**Latissimus dorsi:**
- Ekstensie van die skouergewrig
- Adduksie van die skouergewrig
- Interne rotasie van die skouergewrig

**Pectoralis major:**
- Fleksie van die skouergewrig
- Interne rotasie van die skouergewrig
- Adduksie van die skouergewrig

**Deltoid:**
- Fleksie van die skouergewrig
- Interne rotasie van die skouergewrig
- Adduksie van die skouergewrig
- Ekstensie van die skouergewrig
- Abduksie van die skouergewrig

**Draaiskyf:**
**Subscapularis:**
- Adduksie van die skouergewrig
- Ekstensie van die skouergewrig
- Stabiliseer humerus in skouergewrig

**Teres minor:**
- Ekstensie van die skouergewrig
- Stabiliseer humerus in skouergewrig

**Infraspinatus:**
- Ekstensie van die skouergewrig
- Stabiliseer humerus in skouergewrig

**Supraspinitus:**
- Stabiliseer die arm in die skouergewrig
- Assisteer ininwaardse draaing
- Assisteer met ekstensie van die humerus (5+5) **[10]**

**OF**

3.2 **Danser B:**

**Moontlike spiere geïdentifiseer vir die posisie van die opgeligte been:**

**Iliopsoas:**
- Eksterne rotasie van die heupgewrig

**Sartorius:**
- Eksterne rotasie van die heupgewrig
- Abduksie van die heupgewrig

**Gluteus maximus:**
- Eksterne rotasie van die heupgewrig

**Agterdyspiere (hamstrings):**
- Fleksie van die kniegewrig

**Gracilis:**
- Fleksie van die kniegewrig

**Gastrocnemius:**
- Plantaarfleksie van die enkelgewrig
- Fleksie van die kniegewrig

**Soleus:**
- Plantaarfleksie van die enkelgewrig

**Flexor digitorum longus:**
- Plantaarfleksie van die enkelgewrig
- Fleksie van die 4 laterale tone

**Flexor hallucis longus:**
- Plantaarfleksie van die enkelgewrig
- Fleksie van die groottoon

**Tibialis posterior:**
- Plantaarfleksie van die enkelgewrig

EcoleBooks

**Tensor fasciae latae:**
- Abduksie van die heupgewrig (5 +5) **[10]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 4: ALGEMENE OORSAKE VAN BESERINGS – VERPLIGTEND**

| | | |
|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **Identifiseer** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **Verduidelik** | **5 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE VIR IDENTIFISEER EN VERDUIDELIK**

**LET WEL: Kandidate mag enige formaat gebruik om hulle studienotas voor te berei wat kort en tot die punt moet wees.**
**Kandidate moet VYF algemene oorsake van beserings in die dansklas identifiseer vir 5 punte, en verduidelik hoe elke oorsaak kan lei tot 'n besering in die dansklas vir nog 5 punte. As kandidate meer as VYF oorsake gee, sien slegs die eerste vyf antwoorde wat verskaf word, na. Baie moontlike antoorde kan verskaf word. Kandidate mag oor een area antwoord en menigte voorbeelde gee.**
**<u>½ Punte mag toegeken word vir onvolledige inligting tot en met 'n maksimum van 5 punte.</u>**

**Hieronder is voorbeelde van algemene oorsake van beserings en hul verduidelikings:**

**Klere/uitrusting/hare/juwele, ens:** (1)
- **Moet kan verduidelik hoe dit beserings kan veroorsaak** (1)

**Swak dieet:** (1)
- **Moet kan verduidelik hoe dit beserings kan veroorsaak** (1)

**Vorige beserings** (1)
- **Moet kan verduidelik hoe dit verdere beserings kan veroorsaak** (1)

**Ongeveerde vloer: enige ander onveilige vloer** (1)
- Kan impak hê op gewrigte, spiere en tendons wat besering veroorsaak omdat die vloer hard is/het geen toegee/sprong nie. (1)

**Onveilige fasiliteite/dansomgewing:** (1)
- Wanorde in die dansklas of glyerige vloere kan 'n val of gly risiko wees wat die danser kan laat val. (1)

**Swak tegniek/mag na 'n spesifieke tegniek verwys.** (1)
- Besering kan veroorsaak word deur nie veilige danspraktyke toe te pas nie, bv. verkeerde gewigsplasing, landings, postuur en liggaamsbelyning. Dit plaas onnodige spanning op gewrigte, spiere en tendons. (1)

**Swak onderrig:** (1)
- Ongekwalifiseerde onderwysers kan die verkeerde danspraktyke aan dansers leer of nie foutiewe tegniek korrigeer nie. Dit kan lei tot beserings. (1)

**Oorgebruik/oormatige oefening:** (1)
- Lang ure van repetisies of herhalende bewegings sonder 'n ruskans kan oormoegheid van die liggaam en brein veroorsaak en dit kan lei tot beserings (1)

- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met hoe algemene oorsake van besering kan lei tot beserings in die dansklas. **[10]**

**VRAAG 5: FIKSHEIDSKOMPONENTE – VERPLIGTEND**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MEDIUM VLAK** | **5.1** | **Benoem** | **5 punte** |
| | **5.2** | **Verduidelik** | **5 punte** |

**LET WEL: Kandidate mag baie verskillende oefeninge/bewegings en die voordele daarvan verskaf.**

**<u>5.1 Kandidate mag die woord "beweging" gebruik in plaas van "oefening".</u>**
**Kandidate hoef nie die oefeninge te beskryf nie.**

**KANDIDATE KAN 1 PUNT TOEGEKEN WORD VIR DIE VERDUIDELIKING VAN DIE VOORDELE VAN DIE KOMPONENT VAN FIKSHEID OF DIE OEFENING EN/OF HOE DIT DIE LIGGAAM ONTWIKKEL.**

**½ punte mag toegeken word in 5.2 indien antwoorde nie volledig verduidelik is nie tot en met 'n <u>maksimum van 2 ½ punte.</u>**
**Gebruik professionele oordeel om die antwoorde na te sien.**

**LET WEL: indien kandidate slegs die komponente van fiksheid herhaal in die antwoord vir 5.2 mag geen punte toegeken word nie, bv. Versterk die kern/verbeter uithoevermoë/verbeter soepelheid, ens.**

**MOONTLIKE ANTWOORDE VIR NOEM EN VERDUIDELIK**

EcoleBooks

| **FIKSHEID-KOMPONENT** | **5.1** | | **5.2** | |
|---|---|---|---|---|
| | **NAAM VAN OEFENING/BEWEGING** | | **VOORDEEL (Kandidate moet verduidelik HOE die liggaam ontwikkel/bevoordeel sal word om volpunt te kry)** | |
| Kernstabiliteit | 5.1.1 | Reguitbeen-optelle – terwyl op die vloer lê. | 5.2.1 | **Voordeel van kerstabiliteit of die oefening:**Sal liggaamsbelyning, -postuur en -houding verbeter.<br>**OF**<br>**Ontwikkeling van liggaam**:Die beweging word beheer deur die abdominale spiere wat die liggaamshouding kan verbeter. |
| Uithouvermoë | 5.1.2 | Drietal beweging wat vanuit die hoek gedoen word. | 5.2.2 | **Voordeel**:sal die hart en longe versterk.<br>**OF**<br>**Ontwikkeling van liggaam:** Dit gee die danser die vermoë om vir lank aktief te bly teen 'n hoër kwaliteit van beweging, |
| Neuromuskulêre vaardighede | 5.1.3 | Herhalende bewegings met 'n voorbeeld Enige aktiwiteite sal aanvaar word bv.<br>• Swem | 5.2.3 | **LET WEL: Kandidate mag antwoord oor individuele neuromuskulêre vaardighede of in die algemeen.**<br>**Voordeel**:Sal die stuur van boodskappe, oor hoe om te |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | • Bewegende oefeninge | | beweeg, vanaf die brein na die spiere verbeter.<br>**OF**<br>**Ontwikkeling van liggaam:**<br>Deur herhalende bewegings te doen of deur 'n oefening oor en oor te herhaal, sal die spiergeheue van die brein ontwikkel om die bewegings te onthou/verbeter die boodskappe wat van die brein na die spiere gestuur word. |
| Soepelheid | 5.1.4 | Wydsbeen-'muursit' | 5.2.4 | **Voordeel**:Sal die omvang van beweging in die gewrigte verbeter.<br>**OF**<br>**Ontwikeling van liggaam:**<br>die elastisiteit van die spiere verbeter, wat sal lei tot soepelheid in die heupe. |
| Krag | 5.1.5 | Stadig bewegende oefeninge/ bewegings<br>Bv. adage | 5.2.5 | **Voordeel**: Sal die vermoë van die spiere om sametrekkings uit te voer, verbeter.<br>**OF**<br>**Ontwikkeling van liggaam:**beheer kan ontwikkel word deur stadige bewegings te oefen. |

ÉcoleBooks

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6: HOOFDANSVORM – VERPLIGTEND

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **6.1** | **Beskryf** | **6 punte** |
| | **6.2** | **Benoem** | **3 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **6.3** | **Verduidelik** | **3 punte** |

**LET WEL: Geen punte word toegeken vir die benoeming van die hoofdansvorm nie.**
**Kandidate mag nie klas kleredrag beskryf nie.**

**Spesifieke beskrywende woorde wat aanvaar kan word vir 1 punt is:**
**Kaalvoet, spesifieke skoene,kastenette, pink sykouse, tutus, ens.**

**In vraag 6.1.1 and 6.1.2 moet die kandidate SPESIFIEKE EIENSKAPPE van die hoofdansvorm <u>beskryf</u> (wat dit <u>herkenbaar</u> maak.)**

**½ punte mag toegeken word tot en met 'n maksimum van 6 punte vir onvolledige beskrywings en verduideliking.**

6.1 6.1.1 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR BESKRYF:**
**Afrika-dans:**
**Kostuums:**
- Die klere word gemaak uit natuurlike materiale soos dierevelle.
- Danse word kaalvoet gedoen of met sandale wat van motorbande gemaak is of tekkies.
- Verskillende tipe kostuums word gebruik vir verskillende danse.

**Kontemporêre dans:**
**Kostuums:**
- Gewone, alledaagse klere word gedra.
- Kontemporêre dans word meestal kaalvoet gedoen.
- Die kostuum weerspieël gewoonlik die tema/bedoeling van die werk.

**Ballet:**
**Kostuums:**
- Balletskoene word deur beide mans en vroue gedra.
- Puntskoene word deur die vrouens gedra.
- Styfpassende, gedetailleerde kostuums word gewoonlik gebruik om die belyning van die liggaam te wys.

- Enige ander geskikte antwoord wat die kostuum van die hoofdansvorm verduidelik. (3)


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


6.1.2 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR BESKRYF:**
**Afrika-dans:**
**Musiek**:
- Die dansers maak gebruik van poliritmes en kan op maat van verskillende ritmes binne die musiek beweeg.
- Baie of meeste Afrika-danse maak gebruik van tromme.
- Sang/stemme en liggaamsperkussie word ook gebruik.

**Kontemporêre dans:**
**Musiek:**
- Choreograwe en dansers maak gebruik van 'n wye verskeidenheid musiek.
- Verskillende klanke word gebruik asook stilte en liggaamsperkussie.
- Die gesproke woord, gedigte en stemoorklanking kan ook gebruik word.

**Ballet:**
**Musiek:**
- Ballet maak gebruik van klassieke musiek wat gespeel word deur 'n pianis of 'n orkes.
- Musiek kan ook spesifiek geskryf word vir sekere dansstukke, bv. *Swanemeer*.
- Neoklassieke balletwerke gebruik 'n wye verskeidenheid van musiek.
- Enige ander geskikte antwoord wat die musiek van die hoofdansvorm beskryf. (3)

6.2 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR NOEM:**
**LET WEL: Baie voorbeelde word hieronder verskaf. Kandidate moet slegs DRIE beginsels noem. As meer as DRIE verskaf word, moet slegs die eerste DRIE nagesien word.**

**Beginsels van Afrika-dans:** (3)
- Ritme
- Gebruik van nabootsing
- Danselemente
- Liggaamsbelyning, -houding en -postuur.

**OF**

**Beginsels van Kontemporêre dans:** (3)
- Sentrering
- Spiraal
- Swaartekrag
- Liggaamsbelyning, -houding en -postuur.

**OF**

**Beginsels van Klassieke Ballet:** (3)
- Liggaamsbelyning, -houding en -postuur.
- Basiese reëls van die kop, bene, arms en liggaam

- Puntwerk

Enige ander geskikte dansbeginsels/tegnieke wat in jou hoofdansvorm gebruik word.

6.3 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR VERDUIDELIK:**
**LET WEL: EEN punt word toegeken vir die verduideliking van hoe elke beginsel in die hoofdansvorm gebruik word. Die beginsel moet spesifiek van toepassing wees tot die hoofdansvorm.**

**Afrika-dans:**
**Ritme:**
- Danse gebruik basiese en komplekse ritmiese patrone wat gebruik word in die bewegings van die arms en die bene. (1)

**Gebruik van nabootsing:**
- Danse gebruik die nabootsing en dramatisering van die natuur om ons (diere, insekte of plante) of elemente van vuur, water, grond en lug in die bewegings/gebare wat opgevoer word. (1)

**Danselemente:**
- Afrika-danse gebruik herhalings, kontras, oorgange, sekwensie, klimaks, balans en harmonie in hul bewegings. (1)

**OF**

**Beginsels van Kontemporêre dans:**
**Sentrering:**
- Die danser moet die kern van die liggaam vind wat help met balans.
- Bewegings moet beheer word deur die kern; 'n sterk kern laat die arms, bene, kop en nek toe om vrylik te beweeg. (1)

**Spiraal:**
- Dit beskryf die beweging van die liggaam om sy eie as ('n draaibeweging om die werwelkolom).
- Dit word gebruik vir balans, beheer en draaibewegings. (1)

**Swaartekrag:**
- As jy regop staan, werk jy teen swaartekrag.
- Wanneer jy spring moet jy harder werk om swaartekrag te oorkom.
- Jy sal neerval as jy saam met swaartekrag werk. (1)

**OF**

**Beginsels van Klassieke Ballet:**
**Liggaamshouding:**
- Die romp word stewig gehou en ondersteun. Die bene is uitgedraai vanuit die heupe en geronde arms word gebruik om die vasgestelde arm posisies te wys. (1)

**Basiese reëls van die kop, bene, arms en liggaam:**
- Daar is spesifieke reëls wat die kop moet volg in verhouding met die bene, arms en liggaam gedurende bewegings. (1)

**Puntwerk:**
- Intensiewe opleiding word vereis om dansers voor te berei om


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


op hulle tone te dans. (1)

Enige ander geskikte dansbeginsels/tegnieke wat in jou hoofdansvorm gebruik word. **[12]**

**LET WEL: Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 7 en VRAAG 8.
Merk slegs die eerste vraag as albei vrae beantwoord word.**

**VRAAG 7: DANSELEMENTE – KEUSE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MEDIUM VLAK** | **7.1** | **Verduidelik** | **4 punte** |
| **HOË VLAK** | **7.2** | **Evalueer** | **4 punte** |

7.1 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR VERDUIDELIK:**
**LET WEL: Die kandidate moet VIER duidelike verduidelikings verskaf oor hoe RUIMTE gebruik word in die foto van die dansers. As meer as VIER antwoorde verskaf word, moet slegs die eerste VIER nagesien word. Die lys van antwoorde word nie aanvaar nie.**

**½ punte mag toegeken word in 7.1 as die element geidentifiseer word maar nie verduidelik is nie, bv. die dansers maak gebruik van verkillende vlakke = ½ punt.**
**Ken slegs ½ punte toe tot en met 'n maksimum van 2 punte.**

- Alle vlakke word in hierdie beeld gebruik: die sprong is op 'n hoë vlak/die knie-skarnierbeweging is op 'n lae vlak/die medium vlak word gedoen deur die danser met die geronde arms.
- Hierdie vlakke skep interessantheid in die beeld en beklemtoon die samestelling.
- Die dansers dans naby mekaar sodat hulle die ruimte deel.
- Die dansers kyk almal in verskillende rigtings.Een danser kyk ondertoe, twee dansers kyk boontoe.
- Die bewegings het almal verskillende patrone, bv. buigings/reguit lyne/ hoeke.
- Al die dansers fokus hul bewegings na die middel van die beeld.
- Die dansers skep groot vorms met hulle liggame soos wat hulle baie spasie weg van hulle liggaamskern gebruik.
- Die beeld is asimmetries; nie een van die drie posisies is dieselfde nie.
- Lokomotoriese beweging word bereik deur die danser wat opwaarts spring.
- Nie-lokomotoriese bewegings word bereik wanneer die middel en lae vlak dansers hul posisie hou.
- Enige ander verduideliking wat verband hou met hoe **RUIMTE** gebruik is in die beeld. (4)

7.2 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR EVALUEER:**

**LET WEL: Kandidate moet evalueer hoe KRAG in die beeld gebruik word. Duidelike voorbeelde moet gegee word om volpunte te behaal. As meer as VIER antwoorde verskaf word, moet slegs die eerste VIER nagesien word.**

- Baie energie word benodig om die sprong te doen en teen swaartekrag te werk.
- Die onderste danser gebruik baie krag/sterkte om die posisie te behou en nie in te gee aan swaartekrag nie.
- Die sagte rondings van die arms van die middelste danser is in teenstelling met die sterk posisies van sy bene.
- Daar is 'n verskil tussen die sagte armposisies en die sterk posisies van die bene wat gesien word in die danser wat spring.
- Die geronde arms kan gesien word as egalige/ligte bewegings.
- Die sprong kan gesien word as 'n skerp/sterk beweging.
- Enige ander verduideliking wat verband hou met hoe **KRAG** gebruik is in die beeld. (4)

**[8]**

**OF**

**VRAAG 8: CHOREOGRAFIESE STRUKTURE EN CHOREOGRAFIE – KEUSE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MEDIUM VLAK** | **8.1** | **Verduidelik** | **4 punte** |
| **HOË VLAK** | **8.2** | **Evalueer** | **4 punte** |

EcoleBooks

8.1 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR VERDUIDELIK:**
**LET WEL: Kandidate moet die VIER choreografiese strukture wat hulle gekies het benoem. As kandidate meer as VIER ingesluit het, sien slegs die eerste VIER na. 'n Duidelike doel vir elke EEN moet verduidelik word. Indien geen naam gegee is nie en dit onduidelik is na watter struktuur die kandidaat verwys, moet geen punte toegeken word nie.
½ punt mag toegeken word as 'n duidelike definisie verskaf word.**

**Motief:**

- 'n Herhaalde beweging/gebaar/frase(1/2 punt) wat gebruik word om idees of die tema/bedoeling van die danswerk te versterk. = 1 punt vir doel (1)

**Simmetrie:**

- 'n Balans aan beide kante van die liggaam/groep/verhoog wat gebruik word om stabiliteit, veiligheid en balans uit te beeld. (1)

**Sekwensie:**

- Die orde waarin frases saamgevoeg word om beweging te laat vloei of die vloei/betekenis van bewegings te onderbreek/verander. (1)

**Herhaling:**

- Wanneer bewegings herhaaldelik voorkom om 'n gedagte/idee binne die danswerk te bevestig. Om die danswerk by die gehoor aanklank te laat vind. (1)

**Kans/Toeval:**

- Wanneer die volgorde van die bewegings/tonele aanhoudend verander word skep dit opwinding vir die dansers en die gehoor. Die bewegings of



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



uitvoering van die bewegings word per toeval gekies. (1)

**Stilheid:**

- Wanneer alle beweging stop en die aandag na of weg van die oomblik trek/beklemtoon 'n posisie/skep konneksie tussen dansers/verskerp die betekenis/bedoeling. (1)

**Klimaks:**

- Skep 'n hoogtepunt in die danswerk deur die bewegings/oomblikke te laat uitstaan bo die res. Dit plaas die aandag op die bedoeling/betekenis/impak wat die choreograaf probeer oordra. Die danswerk kan opbou tot een spesifieke klimaks of daar kan vele kleiner klimakse gedurende die danswerk wees. (1)

8.2 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR EVALUEER:**

**LET WEL: As kandidate meer as VIER gebruike van tegnologie gee, sien slegs die eerste VIER na. Geen punte word toegeken vir die lys van tegnologieë nie. Kandidate moet evalueer hoe die gekose tegnologieë as ‘n hulpmiddel gebruik kan word om <u>oorspronklikheid in die danswerk te skep.</u> Een area met verskeie voorbeelde kan of gefokus word.**

- Projekteer beelde op die sikloramagordyn om die storie of tema beter oor te dra, bv. die projeksie van 'n vervalle gebou in vallende sneeu in *Four Seasons*.
- Projekteer beelde of patrone op die vloer om die tema uit te beeld, bv. beligting wat patrone op die vloer maak om 'n dorre landskap uit te beeld, soos in *Four Seasons*.

ÉcoleBooks

- LED ligte kan in die kostuums ingewerk word om die dansers se bewegings te beklemtoon in die donker.
- LED ligte kan van die dak gehang word om 'n nagklub voor te stel.
- Lasers kan gebruik word om interessante en modern effekte op die verhoog te skep, bv. deur die vorm van 'n hok te maak 'waarin' die dansers kan beweeg.
- Hologramme kan beelde op die verhoog skep waarmee die dansers kan saamwerk.
- Klank effekte kan gebruik word, bv. 'n stemoorklanking van 'n gedig waarop die dansers kan beweeg.
- Skadudans is baie gewild en die dansers word van agter belig sodat hulle skaduwees sigbaar is op 'n groot skerm.
- Choreograwe maak gebruik van spesiale film tegnieke en redigering programme wanneer hulle choreografeer vir film/video.
- Tegnologie kan gebruik word vir navorsing, inspirasie, om nuwe idees te kry, ens
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met hoe tegnologie gebruik word om oorspronklike danswerke te skep. (4)

**[8]**

**LET WEL: Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 9 en VRAAG 10.
Merk slegs die eerste vraag as albei vrae beantwoord word.**

**VRAAG 9: INTERNASIONALE CHOREOGRAAF – KEUSE**

| | | |
|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **Bewegingswoordeskat** | **2 punte** |
| | **Opleiding & loopbaan** | **10 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **Invloede** | **3 punte** |
| **HOË VLAK** | **Bydrae** | **3 punte** |
| | **Formaat** | **2 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**
**LET WEL: Kandidate moet die naam van die gekose internasionale choreograaf en danswerk verskaf. Die antwoord moet goed GEORGANISEERD wees en die NODIGE INLIGTING WEERGEE.**

**Formaat van die programnota** moet duidelik, bondig, goed gestruktureerd, toepaslik en maklik wees om te lees. (2)

**Interessante feite oor die choreograaf se opleiding kan insluit:**
- Op watter ouderdom het hy/sy begin met opleiding
- Hoekom hy/sy begin dans het
- Dansvorme/genres waarin hy/sy opgelei is
- Onderwysers wat vir hom/haar klas gegee het
- Plekke waar hy/sy opleiding ontvang het
- Dansgeselskappe waar hy/sy opleiding ontvang het
- Eie dansgeselskap
- Danswerke gechoreografeer
- Erkenning
- Toekennings
- Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die choreograaf se dansopleiding en loopbaan (10)

**Bewegingswoordeskat**
- Genre(s)
- Styl
- Gebruik van improvisasie
- Gebare, ens.
- Enige ander geskikte antwoorde (2)

**Invloede wat ingesluit kan word:**
- Mense, bv. familie/onderwysers/medechoreograwe
- Politiese/sosiale kwessies
- Musiek
- Kuns
- Geskrewe werke
- Tegnologie
- Agtergrond en oortuigings
- Mities/bonatuurlike

Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die invloede op die choreograaf

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


se styl. (3)

**Bydraes TOT DANS AS 'N KUNSVORM kan insluit:**

- Danswerke wat geskep is
- Geleenthede wat geskep is vir jong dansers
- Geleenthede wat geskep is vir nuwe choreograwe
- Toekennings en waarvoor dit ontvang was
- Uitreik programme
- Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die choreograaf se bydrae tot dans as 'n kunsvorm. (3)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAAF – KEUSE**

| | | |
|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **Bewegingswoordeskat** | **2 punte** |
| | **Opleiding & loopbaan** | **10 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **Invloede** | **3 punte** |
| **HOË VLAK** | **Bydrae** | **3 punte** |
| | **Formaat** | **2 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**
**LET WEL: Kandidate moet die naam van die gekose choreograaf verskaf. Geen punte word vir noem toegeken nie. Kandidate moet in 'n TOESPRAAK formaat geskryf word en moet die nodige inligting weergee.**
FORMAAT moet 'n inleiding en gevolgtrekking insluit. (2)

ÉcoleBooks

**Dansopleiding en professionele loopbaan:**

- Mentors/onderwysers
- Opleiding/dansskole
- Dansgeselskappe waar hy/sy opleiding ontvang het
- Dansgeselskap
- Danswerke gechoreografeer
- Erkenning
- Toekennings
- Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die dansopleiding en loopbaan van die choreograaf. (10)

**Bewegingswoordeskat:**

- Genre
- Styl(e)
- Mengsel/Fusie van style
- Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met choreografiese styl (2)

**Eienskappe van die choreograaf:**

- Danstegnieke/style/genres/bewegings gebruik
- Gebruik van improvisasie in choreografiese proses
- Gebruik van choreografiese strukture soos kans/toeval.
- Gebruik van tema/narratief
- Gebruik van politieke/sosiale temas
- Gebruik van musiek/begeleiding
- Gebruik van ander kunsvorms soos drama/poësie/gemengde media
- Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die choreografiese

eienskappe wat die choreograaf in die danswerk gebruik (3)

**Kandidate moet die impak van die choreograaf se professionele loopbaan op die SUID AFRIKAANSE GEMEENTSKAP EVALUEER en nie net feite verskaf nie.**

- Geselskappe waar hy/sy opgetree/begin het
- Danswerke gechoreografeer
- Rolle in ander dansgeselskappe/feeste
- Verhoudings en samewerkings
- Opleiding van dansleerders
- Plekke waar die choreograaf opleiding verskaf het. Skole/Universiteite.
- Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die professionele loopbaan van die choreograaf (3)

**[20]**

**LET WEL: Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 11 en VRAAG 12. Sien slegs die eerste vraag as al twee vrae beantwoord word.**

**VRAAG 11: INTERNASIONALE DANSWERK – KEUSE**

| | | |
|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **Inspirasie** | **3 punte** |
| | **Bewegingswoordeskat** | **4 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **Produksie-elemente** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **Relevansie** | **5 punte** |
| | **Formaat** | **3 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**
**LET WEL:** Kandidate moet die korrekte formaat van 'n artikel insluit om volpunte te kry. Naam van die choreograaf en danswerk moet ingesluit wees. Geen punte vir noem nie.

- **Formaat van 'n artikel sluit in:**
  - 'n Kreatiewe Titel/Opskrif (1)
  - Inleiding (1)
  - Gevolgtrekking (1)
- **Bronne van inspirasie (kan enige van volgende insluit):**
  - Sosiaal
  - Polities
  - Agtergrond/persoonlike invloede
  - Kulturele invloede
  - Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die inspirasie vir die danswerk (3)

**LET WEL: Indien die bewegingswoordeskat en produksie-elemente verduidelik word maar geen voorbeelde uit die danswerk word ingesluit nie, mag ‘n maksimum van 2/3 punte toegeken word.**

- **Bewegingswoordeskat:**
  - Dansstyl(e)
  - Dansmaats
  - Groeperings
  - Mimiek/gebare/alledaagse bewegings, ens.
  - Danselemente
  - Choreografiese elemente


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


- Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met bewegingswoordeskat (4)

- **Produksie-elemente kan insluit:**
  - Kostuums/Grimering
  - Beligting
  - Stelontwerp
  - Musiek/Begeleiding
  - Tegnologie
  - Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met produksie-elemente (5)

- **Kandidate moet hulle eie MENING oor die betekenis en relevansie van hierdie DANSWERK VANDAG insluit. Hieronder is moontlike areas wat ingesluit kan word.**
  - Impak
  - Sosiale/Politieke/jongste gebeure
  - Geskiedenis
  - Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die betekenis en relevansie van hierdie danswerk vandag. (5)

**[20]**

**OF**

ÉcoleBooks

**VRAAG 12: SUID-AFRIKAANSE DANSWERK – KEUSE**

| | | |
|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **Inspirasie** | **3 punte** |
| | **Bewegingswoordeskat** | **4 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **Produksie-elemente** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **Relevansie** | **5 punte** |
| | **Formaat** | **3 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**
**LET WEL:** Kandidate moet die korrekte formaat van 'n artikel insluit om volpunte te kry. Naam van die choreograaf en danswerk moet ingesluit wees. Geen punte vir noem nie.

- **Formaat van 'n artikel sluit in:**
  - 'n Kreatiewe Titel/Opskrif (1)
  - Inleiding (1)
  - Gevolgtrekking (1)
- **Bronne van inspirasie (kan enige van volgende insluit):**
  - Sosiaal
  - Polities
  - Histories
  - Persoonlik
  - Kultureel
  - Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die inspirasie vir die danswerk (3)

ÉcoleBooks

**LET WEL: Indien die bewegingswoordeskat verduidelik word maar geen voorbeelde uit die danswerk word ingesluit nie, mag 'n maksimum van 2 punte toegeken word.**

**LET WEL: Die bewegingswoordeskat moet verband hou met die danswerk en beskryf hoe dit die tema/bedoeling oordra.**

- **Bewegingswoordeskat:**
  - Groeperings
  - Danselemente
  - Mimiek/gebare/alledaagse bewegings, ens.
  - Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met bewegingswoordeskat (4)

**LET WEL: Indien die produksie-elemente en verduidelik word maar geen voorbeelde uit die danswerk word ingesluit nie, mag 'n maksimum van 3 punte toegeken word.**

- **Kandidate moet verduidelik HOE die produksie-elemente bydra tot die TEMA/BEDOELING van die danswerk en kan insluit:**
  - Beligting
  - Musiek
  - Kostuums
  - Verhoog/Stelontwerp
  - Tegnologie
  - Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met produksie-elemente (5)

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


- **Kandidate moet 'n OPINIE gee oor HOE die DANSWERK BYDRAE TOT DANS EN DIE GEMEENTSKAP en kan insluit.**
  - Impak
  - Sosiale/Politieke/jongste gebeure
  - Geskiedenis
- Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met die bydraes wat die danswerk tot dans en die samelewing gemaak het. (5)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

ÉcoleBooks